

Drie-en-twintigste Afrikaans-Olimpiade

27 Februarie 2003

Georganiseer deur

Die Stigting vir Onderwys, Wetenskap en Tegnologie (SOWT)

Posbus 1758, PRETORIA 0001

Instruksies

GEBRUIK SLEGS 'N POTLOOD


1. Jy word voorsien van 'n spesiale antwoordblad waarop jy jou olimpiade-nummer en antwoorde moet invul.
2. Jou NAAM en SKOOL SE NAAM moet asb. bo-aan die antwoordblad ingevul word.
3. Die nommer bestaan uit 10 syfers, bv 0206356007.
4. Jy ontvang jou **EIE** unieke nommer. Die nommer hieronder is slegs 'n voorbeeld.
5. Vul asb. jou nommer VAN LINKS NA REGS soos hieronder in.
6. Die eerste 7 syfers word onder STUDENTENOMMER ingevul en die laaste 3 word onder UNIEKE WERKOPDRAG ingevul. Laat die laaste 3 blokke oop soos die voorbeeld hieronder.
7. Kleur die ooreenstemmende blok in die kolom in.
8. **Ignoreer alle ander blokke wat om kodes vra.**

VOORBEELD:

STUDENTENOMMER STUDENT NUMBER							
0	2	0	6	3	5	6	
0	[0]	0	[0]	[0]	[0]	[0]	[0]
[1]	1	[1]	[1]	[1]	[1]	[1]	[1]
[2]	[2]	2	[2]	[2]	[2]	[2]	[2]
[3]	[3]	[3]	[3]	3	[3]	[3]	[3]
[4]	[4]	[4]	[4]	[4]	[4]	[4]	[4]
[5]	[5]	[5]	[5]	[5]	5	[5]	[5]
[6]	[6]	[6]	6	[6]	[6]	6	[6]
[7]	[7]	[7]	[7]	[7]	[7]	[7]	[7]
[8]	[8]	[8]	[8]	[8]	[8]	[8]	[8]
[9]	[9]	[9]	[9]	[9]	[9]	[9]	[9]

UNIEKE WERKOPDRAG NR STUDY UNIT e.g. PSY100-X					
0	0	7			
0	0	[0]	[0]	[0]	[0]
[1]	[1]	[1]	[1]	[1]	[1]
[2]	[2]	[2]	[2]	[2]	[2]
[3]	[3]	[3]	[3]	[3]	[3]
[4]	[4]	[4]	[4]	[4]	[4]
[5]	[5]	[5]	[5]	[5]	[5]
[6]	[6]	[6]	[6]	[6]	[6]
[7]	[7]	7	[7]	[7]	[7]
[8]	[8]	[8]	[8]	[8]	[8]
[9]	[9]	[9]	[9]	[9]	[9]

9. Die vrae is almal van dieselfde tipe. Daar is vier moontlike antwoorde.
10. Indien 3 jou keuse vir vraag 30 is, merk dit soos volg: 30 [1] [2] ~~3~~ 4]
11. Merk slegs een spasie per vraag.
12. As jy 'n antwoord wil verander, moet dit **VOLLEDIG** uitgevee word.
13. Drie uur word toegelaat om die vrae te beantwoord.



SOWT

Moet asb. nie die antwoordblad vou nie
Lees hierdie instruksies noukeurig deur voordat jy die vrae beantwoord

Pryse geborg deur die AKTV



ATKV

27 Februarie 2003

Beste Kandidaat

Baie geluk met jou besluit om aan die Olimpiade deel te neem. Ons glo dat jy die uitdaging baie sal geniet.

Die vraestel bestaan uit 140 veelkeusige vrae en jy het drie uur tot jou beskikking. Daar is twee afdelings en dit is soos volg saamgestel:

Afdeling A: Stillees en Taalleer

Vraag 1: Stillees	[40 punte]	± 50 minute
Vraag 2: Taalkunde en Taalgebruiksvaardighede	[40 punte]	± 40 minute

Afdeling B: Letterkunde

Vraag 3: Poësie	[20 punte]	± 20 minute
Vraag 4: Drama	[20 punte]	± 35 minute
Vraag 5: Prosa	[20 punte]	± 35 minute

[Groottotaal: 140]

Almal ontvang sertifikate en die uitslae sal teen middel Mei 2003 op die volgende webblad beskikbaar wees: www.fest.org.za

Baie sterkte!

Vriendelike groete



Mev. Erna Rossouw
Organiseerder

AFDELING A: STILLEES EN TAALLEER

VRAAG 1: STILLEES (± 50 minute)

LEESSTUK A

In *Rapport* (20/10/2002) het Pollux se **Rooikappie** weergawe verskyn. Bestudeer die verwerkte weergawe en beantwoord die vrae wat daarop volg.

<p>Nuwe Rooikappie</p> <p>Die nuwe en politiek korrekte weergawe van Rooikappie:</p> <ol style="list-style-type: none">1. Daar was eendag 'n jong persoon, Rooikappie, wat saam met haar enkelma gewoon het.2. Haar ma vra haar om 'n mandjie vir haar ouma te neem – nie omdat dit 'n vrou se taak is nie, maar omdat dit 'n goeie daad is.3. In die woud ontmoet sy vir wolf. “Besef jy nie dit is gewaarlik vir 'n klein meisietjie soos jy om alleen te loop nie?” vra die wolf.4. “Jou seksistiese opmerking is erg beledigend,” antwoord Rooikappie, “maar ek sal dit ignoreer weens jou status as 'n uitgeworpene uit die gemeenskap.”5. Rooikappie het toe in die wandelpad begin aanloop. Maar omdat die wolf se leefwyse as uitgeworpene hom bevry het van slaafse navolging, het hy 'n korter paadjie geken.	<ol style="list-style-type: none">6. Hy sluk toe die ouma in – wat sy reg as karnivoor is!7. “Elkeen het uit eie reg 'n unieke skoonheid, maar waarom is Ouma se tande so groot?” wou Rooikappie weet toe sy daar aankom. Die wolf het haar onmiddellik bespring. Rooikappie het groot geskrik, omdat hy haar persoonlike ruimte ongevraag binnegedring het.8. 'n Houtkapper (wat verkies om 'n houtbrandstof-tegnikus genoem te word) kom aangestorm. Rooikappie snou hom toe: “Hoe durf jy by 'n private woning instorm en aanneem dat 'n vrou en 'n wolf nie hul geskille sonder 'n man kan oplos nie!”9. Ouma spring by Wolf se mond uit, gryp die byl en kap Houtkapper se kop af. Rooikappie, haar ouma en die wolf voel 'n wedersydse lotsgebondenheid aan en besluit om 'n alternatiewe huishouding te begin.10. <i>En hulle het vir die res van hulle lewe gelukkig saamgewoon...</i>
--	--

1. Hierdie verhaal van Pollux is 'n ...

1. nuwe storie van 'n ouer weergawe.
2. unieke skepping.
3. geykte herhaling.
4. standaardvertelling.

2. “... nie omdat dit 'n vrou se taak is nie” (par. 2) kan spottend verwys na ...

1. naïwiteit van sprokies.
2. ontwaking van moderne samelewing.
3. groothartigheid van Rooikappie.
4. tradisionele rol van die vrou.

3. Die wolf het die korter pad gekies aangesien...

1. hy 'n uitgeworpene was.
2. die wandelpad deur Rooikappie beset is.
3. hy die korter pad geken het.
4. hy van slaafse navolging bevry was.

4. Die aandagstreep in par. 6 word aangewend om...

1. die rede te verstrek.
2. die wolf te verontskuldig.
3. te verduidelik waar die ouma is.
4. aanknoping met die tradisionele sprokie te vorm.

5. Watter suggestie kom in par. 8 i.v.m. houtkappers voor?

1. Dat hulle minderwaardig is
2. Dat hulle aansien soek
3. Dat hulle onderdrukte was
4. Dat hulle meewarig is

6. Die “Nuwe Rooikappie” is uit 'n nuwe oogpunt hersien. Van watter aard is die oogpunt?

1. Sosiaal
2. Ekonomies
3. Polities
4. Filosofies

7. Ten spyte van algemene opheffing, is daar tog nog diskriminasie teenoor...

1. Rooikappie.
2. die houtkapper.
3. die wolf.
4. die ouma.

8. Hulle het “lotsgebondenheid” (par. 9) aangevoel omdat hulle...

1. alternatief was.
2. wedersydse respek het.
3. gelukkig sou saamwoon.
4. gemeenskaplike lotsbestiering beleef het.

9. Met watter woord kan die tema van die nuwe sprokie saamgevat word?

1. Bevryding
2. Chauvinisme
3. Geweldsbevegtiging
4. Gemeenskapsregressie

10. Die kursiefgedrukte slotreël is...

1. eufemisties.
2. humoristies.
3. hiperbolies.
4. sarkasties.

[10]

LEESSTUK B

Gebruik die onderstaande grafiek om die vrae daarop te beantwoord.

	5 min	10 min	20 min	30 min
Aërobies	100-170	210-340	670-675	630-1000
Fietsry	100-130	210-420	420-840	600-1260
Hardloop	230	460	900	1380
Roei	126	252	510	756
Swem	120	250	500	700-1500
Stap	100	200	400	600

Gemiddelde aantal kilojoules verbrand deur verskillende bedrywighede

11. Die volgende sportsoort verbrand die meeste kilojoules in 30 min.

1. Aërobies
2. Swem
3. Hardloop
4. Fietsry

14. Indien 'n persoon vir 5 min. sou stap, hardloop en roei, sal jy _____ kilojoules verbrand.

1. 654
2. 546
3. 456
4. 756

12. Met 10 min. vryetydsbesteding per dag sal die volgende sportsoort die meeste kilojoules verbrand.

1. Aërobies
2. Swem
3. Hardloop
4. Roei

15. Hoeveel gemiddelde aantal kilojoules sal 'n persoon verbrand as hy/sy vir 'n uur lank stap?

1. 1200
2. 1000
3. 1300
4. 600

13. As 'n persoon kilojoules sonder inspanning wil verbrand, sal jy...

1. fietsry.
2. roei.
3. aërobies.
4. stap.

Totaal [40]

LEESSTUK C

Bestudeer die advertensie en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Gee iemand 'n vis en hy het kos vir een dag. Staan sy lening toe en hy kan hengellese bekostig.

LENINGSOUTOMATISERING

Standard Bank se direkte oplossings vir banksake baan die weg deur innovasie wat nuwe standarde stel. Dit alles maak dit makliker om jou banksake te beheer. En omdat ons die klem op beheer lê, hoef jy jou nie meer te bekommer nie. Met ons leningsoutomatisering kan jy aansoek doen om jou oortrokke fasiliteite via die internet, AutoPlus of oor die foon te vermeerder of te verminder. Bedurf jouself gerus 'n bietjie. Kontak ons by 0860123456 of besoek www.standardbank.co.za en vind uit hoe ons probeer om banksake Makliker. Beter. Vinniger. te maak.

16. Die advertensie se fokuspunt is...

1. banksake.
2. leningsoutomatisering.
3. innovasie.
4. oortrokke fasiliteite.

17. Die advertensietema suggereer dat kliënte...

1. diens verlang.
2. lenings verwag.
3. onafhanklikheid moet leer.
4. entrepreneurskap wil toets.

18. Innovasie beteken...

1. nuwigheid.
2. merkwaardigheid.
3. vrymoedigheid.
4. wetenskaplikheid.

19. Waarvoor staan die afkorting www.?

1. Wêreldwye werwers
2. Wêreldwye web
3. Wêreldwye werkkring
4. Wêreldwye werksentrum

20. "... baan die weg..." suggereer dat iemand of iets die voorloper is. Wie is dit?

1. Die bank
2. Die kliënt
3. Die fasiliteit
4. Die saak

[5]

LEESSTUK D

Lees die volgende verwerkte artikel uit *MATIELAND* (02:2002) en doen die daaropvolgende vrae.



UITGEWEKE PROFESSOR 'n miskende profeet

Wie was die man wie se pienk standbeeld "weggesteek" word omdat Matie-studente dit beskadig? Nick de Jager vertel van prof. Johannes du Plessis.

Die pienk standbeeld was 'n teiken vir oorgretige warkoppe wat dit met verf betakel het.

Om die beeld van vandalisme te red, is dit van sy oorspronklike staanplek aan die noordelike onderpunt van Van Riebeeckstraat verskuif na voor die munisipaliteit se ou Bloemhofgebou en toe weer na agter die Universiteit se Sasol Kunsmuseum.

Kollegas, proff. Lategan en Gerdener besing dié dowe professor as begaafd en 'n baie goeie leermeester.

21. Hoe kan die strekking van die kontrasterende kop getipeer word?

1. Humories
2. Satiries
3. Informatief
4. Ironies

22. 'n Warkop is 'n _____ denker.

1. verwarde
2. intellektuele
3. twyfelende
4. aggressiewe

23. Wie is die teksskrywer?

1. Prof. Du Plessis
2. Prof. Lategan
3. Prof. Gerdener
4. Mnr. De Jager

24. Hoeveel keer is die beeld geskuif om dit van vandalisme te red?

1. Vier
2. Drie
3. Twee
4. Een

25. Die miskende professor was wel gewild as...

1. leermeester.
2. kollega.
3. student.
4. dowe professor.

[5]

LEESSTUK E

Lees die volgende artikel en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Staan Afrikaans sy man oor die lug?

Andries Cornelissen, mediaverslaggewer van *Beeld*, som op waar Afrikaans by die ter perse gaan van *Afrikaans Vandag* by radiostasies staan.

HOEWEL Afrikaans perdfris en gesond is by gemeenskapradiostasies in groot dele van die land, het Afrikaans aan die kortste end getrek in die verkoop van die SABC se streekradiostasies.

Afrikaans blyk ook nie gewild te wees by voornemende private radiostasies nie, omdat Afrikaanssprekendes geen probleme het om na Engelse radiostasies te luister nie.

Altesame 28 van die 83 gemeenskapradiolisensies wat die Onafhanklike Uitsaai-owerheid (OUO) reeds landwyd toegestaan het, saai in 'n meerdere of mindere mate in Afrikaans uit.

Die meeste van dié 28 gemeenskapradiostasies saai meer as die helfte van hul programme in Afrikaans uit.

Twee van die radiostasies – een in Noordwes en een in die Oos-Kaap – saai nog nie uit nie, maar het reeds lisensies gekry. Die verdeling van dié radiostasies in die provinsies is: Gauteng 6, Vrystaat 5, Noordwes 2, Wes-Kaap 2 en KwaZulu-Natal 1. Die Limpopo Provinsie het geen gemeenskapradiostasies wat in Afrikaans uitsaai nie.

Die meeste van die nuwe eienaars van die SABC se streekradiostasies het Afrikaans óf van die lug verwyder óf Afrikaans verminder.

East Coast Radio (voorheen Radio Port Natal) saai nou net in Engels uit, terwyl hy onder die SABC se beheer 20% in Afrikaans uitgesaai het. KFM in Kaapstad het voorheen 65% in Afrikaans uitgesaai, maar dit is nou verminder tot 50%. Radio Oranje in die Vrystaat saai nou 60% in Afrikaans uit teenoor 70% onder die SABC se beheer.

Hoewel onsekerheid nog bestaan oor die toekomstige eienaars van Radio Jakaranda, het die voornemende kopers onderneem om nie onmiddellik die taalbeleid te verander nie. Newshelf 71, die konsortium wat aanvanklik dié radiostasie gekoop het voordat regstappe sy planne tydelik in die wiele gery het, het selfs die moontlikheid genoem om die 60% Afrikaans oor die radiostasie te vermeerder.

Die grootste verlies vir Afrikaans was die totale verwydering van Afrikaans oor Hoëveld Stereo, een van die mees winsgewende radiostasies in die land. Advertensies oor dié radiostasie sal voortaan net in Engels wees. Die radiostasie het voorheen 40% in Afrikaans uitgesaai. Mnr. Gary Edwards, nuwe stasiebestuurder, het aan die OUO gesê hy meen die verwydering van Afrikaans sal die luistertal nie beïnvloed nie. Hoëveld Stereo het volgens SABC-syfers onder die uitsaai se beheer sowat 53% Afrikaanse luisteraars gehad.

Net een voornemende private Afrikaanse radiostasie het by die OUO om 'n lisensie aansoek gedoen. Die Wes-Kaap en Gauteng kry op 1 September elk 'n Afrikaanse geselsradiostasie nadat die OUO twee uitsaailisensies oor mediumgolf aan Punt op Mediumgolf toegestaan het. Dit sal die eerste Afrikaanse geselsradiostasies in die land wees en die eerste radiostasies naas die SABC se Radio Sonder Grense wat net in Afrikaans uitsaai.

Uit: **Afrikaans Vandag**, Maart 1997

26. Die skrywer van hierdie artikel is 'n _____-verslaggewer.
1. koerant
 2. televisie
 3. radio
 4. taal
27. Die OUO het betrekking op die...
1. uitsaaiwese.
 2. taalwese.
 3. advertensiewese.
 4. gemeenskapswese.
28. "As jy jou man staan" (titel) beteken dit dat jy ...
1. dringend versoek.
 2. opgewasse is.
 3. 'n hooggeplaaste is.
 4. 'n staatmaker is.
29. Hoeveel gemeenskapsradiostasies saai reeds aktief in Afrikaans uit?
1. 83
 2. 28
 3. 29
 4. 26
30. Watter radiostasie het vooruitsigte om Afrikaans in die uitsaaiwese 'n hupstoot te gee?
1. Radio Oranje
 2. Radio Jakaranda
 3. Radio Port Natal
 4. KFM
31. Afrikaans is onder nuwe eienaarskap in Natal, Vrystaat en die Kaap gesamentlik met _____ persent verminder.
1. 10
 2. 20
 3. 35
 4. 45
32. Watter stelling bevestig Radio Jakaranda se huidige status?
1. "Toekomstige eienaars."
 2. "Voornemende kopers"
 3. "Wat aanvanklik die radiostasie gekoop het."
 4. "... die taalbeleid nie verander nie."
33. Waarom was die verwydering van Afrikaans oor Hoëveld Stereo 'n verlies?
1. Die organisasie was hoogs winsgewend.
 2. Afrikaanssprekendes het verengels.
 3. 53% was Afrikaanse luisteraars.
 4. Engels oorheers nou.
34. OUO staan vir...
1. Openbare Uitsaaiowerheid.
 2. Oud Uitsaai-organisasie.
 3. Onafhanklike Uitsaaiowerheid.
 4. Openbare Uitspraakorganisasie.
35. Hoeveel radiostasies sal slegs in Afrikaans uitsaai na onderhandeling met die OUO?
1. 1
 2. 2
 3. 3
 4. 4
36. 'n Konsortium is 'n...
1. trust.
 2. opposisieparty.
 3. partybestuur.
 4. sekretariaat.
37. Mnr. G. Edwards is die stasiebestuurder van...
1. Hoëveld Stereo.
 2. Radio Sonder Grense.
 3. East Coast Radio.
 4. Radio Oranje.
38. Watter een van die stellings is ONWAAR?
1. Private radiostasies gee nie voorkeur aan Afrikaans nie.
 2. Noordwes en Oos-Kaap het uitsaailisensies.
 3. East Coast Radio was voorheen Radio Port Natal.
 4. Afrikaans word in die Limpopo Provinsie uitgesaai.
39. Hoe word die stand van Afrikaans opgesom?
1. Perdfris en gesond.
 2. Dit trek noustrop.
 3. Die agteros kom ook in die kraal.
 4. Staar nog nie sy man nie.
40. Hoe kan die strekking van die stuk getipeer word?
1. Ironies
 2. Verhalend
 3. Informatief
 4. Spottend

[15]
Totaal: [40]

VRAAG 2: GEÏNTEGREERDE TAALLEER (± 40 minute)

LET WEL: In vraag 2 is dit **NIE** nodig om al die tekste in detail te lees **NIE**. Om tyd te bespaar, kyk hoeveel vrae jy kan beantwoord sonder om na die teks te verwys.

LEESSTUK A

Jou tuiste gee 'n dief dalk 'n kans

1 Huis, winkel of plaas: nêrens spring 'n mens meer die lang vingers van misdadigers vry nie.

2 Dit lyk nie asof ons genoeg kan doen om ons en ons besittings te beskerm nie. Santam het egter 'n paar voorstelle om jou onmiddellike omgewing behoorlik te verskans en die lendene teen misdaad te omgord.

3 “'n Huis bevat omtrent al ons aardse besittings. Daarom is dit 'n teiken vir misdadigers. Boonop maak swak veiligheidsmaatreëls dit 'n sagte teiken,” sê mnr. Egbert de Waal, kommunikasiebestuurder van Santam.

4 Volgens die polisie se statistiekburo word daar elke jaar by meer as 150 000 huise in Suid-Afrika ingebreek en miljoene rande se goedere gesteel.

5 Televisiestelle, radio's, kameras, verkykers, klere, vuurwapens en drank is bo-aan die gewildheidslys. Dit word gewoonlik gesteel om verkoop te word – dikwels oorkant die landsgrense.

6 “Huisseienaars moet in gedagte hou dat misdadigers opportuniste is wat die maklikste teikens kies.”

7 Baie inbrake kom bedags of in die vakansie voor wanneer niemand tuis is nie.

8 “Wanneer jy 'n sekuriteitsplan opstel, moet jy eers vasstel hoe kwesbaar jou huis of besigheid is”.

9 “As jy minder sekuriteitsmaatreëls as die bure getref het, sal jy waarskynlik bo-aan die inbreker se lys wees”.

10 “Hoekhuise, geboue wat ver van ander is, swak straatbeligting en onontwikkelde grond in die omgewing verhoog die risiko.”

• SWAK SEKURITEIT

11 Loop om jou perseel en let op na die volgende tekens van swak sekuriteit: diefwering wat nie stewig vas is nie, gebreekte ruite wat toegang bied tot vensterknippe, deurslotte wat swak ingesit is, lere wat rondlê en onvoldoende beligting. Nadat jy die swak plekke geïdentifiseer het, moet jy werk maak daarvan.

• ALARMSTELSEL

12 Hou indringers buite deur te belê in 'n alarmstelsel. 'n Alarmstelsel is die moeite werd, maar kan duur wees. Nogtans verhoog dit ook die waarde van die perseel.

13 'n Vroeë waarskuwingsein en 'n paniekknoppie behoort die indringer op te spoor voordat hy die gebou betree.

14 Die binne-sirene is die belangrikste. Die doel is om die indringer af te skrik en op die vlug te laat slaan. Hoe harder die geraas is, hoe meer doeltreffend.

15 'n Alarm behoort sy eie reserwekragbron te hê in geval die kragtoevoer afgesny word.



Teks verkort en verwerk uit: **BEELD:** Jou Geldsake, Donderdag 17 Oktober 2002

41. Etlke idiome/uitdrukkings word in die lees-stuk gebruik. In watter geval is die verklaring vir die idioom/uitdrukking VERKEERD?

1. Om lang vingers te hê – maklik te vat wat nie joune is nie
2. Om die lendene te omgord – gereed te maak vir die uittog
3. Elkeen is 'n dief in eie nering – elkeen sorg vir hom self die eerste en/of beste
4. Om 'n draad vir elke naald te hê – altyd 'n antwoord gereed te hê

42. In watter geval is die lettergreepverdeling VERKEERD?

1. vin-gers
2. mis-da-di-gers
3. kom-mu-ni-ka-sie-be-stuur-der
4. mil-joen-e

43. “Misdadigers is opportuniste wat...

Die beste beskrywing vir “opportuniste” is...

1. persone wat roekeloos met ander se besittings omgaan.
2. iemand wat optimisties is oor elke saak wat op sy pad kom.
3. gewoontemisdadigers wat uit misdaad 'n bestaan voer.
4. iemand wat elke geleentheid wat hom voordoen, aangryp.

44. Die woorde *huis*, *winkel* en *plaas* in par. 1 is voorbeelde van...

1. geledede woorde.
2. affikse.
3. afleidings.
4. basisse.

45. Iemand wat vir die polisie diens statistiek hou, is 'n statistikus. Wat is 'n anargis?

1. Iemand wat oorlog voorstaan.
2. 'n Voorstander van onbegrensde vryheid vir misdadigers.
3. Iemand wat regeringloosheid, wanorde en chaos aanblaas.
4. 'n Voorstander van geweld as middel tot demokratiese verandering.

46. In watter geval is al die meervoudsvorme KORREK aangedui?

1. televisiestelle, kameras, risiko's, bedrieërye
2. eiendomme, besighede, lysste, diefwerings
3. polisie diens, alarmstelsels, sekuriteitsplane, identifikasies
4. panieknoppies, binne-sirene's, ligte, kragbronne

[6]

LEESSTUK B



Onsigbare karre en ander stories

- 1 Op die oog af is korttermynversekering omgewe met ramspoed. 9
- 2 Maar daar is ook 'n ligter kant. 10
- 3 Hierdie weergawes is aan versekeraars voorgelê toe polishouers wat geeis het, gevra is om die ongeluk kortliks te beskryf. 11
- 4 • Op pad huis toe het ek by die verkeerde erf ingery en gebots teen 'n boom wat ek nie het nie. 12
- 5 • Ek het weggetrek, na my skoonma gekyk en teen die wal afgery.
- 6 • Soos ek die kruising genader het, het 'n stopteken skielik verskyn op 'n plek waar daar nog nooit 'n stopteken verskyn het nie. Ek kon nie betyds stop om 'n ongeluk te verhoed nie.
- 7 • Die telefoonpaal het vinnig nader gekom. Ek het probeer om uit sy pad te bly toe hy my voorkant stamp.
- 8 • My motor was wettig geparkeer toe dit in die ander motor vasgery het.
- 'n Onsigbare motor het van nêrens gekom, my motor getref en verdwyn.
- Toe ek beseft ek kan nie 'n botsing vermy nie, het ek die petrolpedaal ingetrap en in die ander motor vasgejaag.
- Die voetganger het geen idee gehad waarheen om te gaan nie, toe ry ek hom om.
- Die indirekte oorsaak van die ongeluk was 'n klein mannetjie met 'n groot mond in 'n klein karretjie.

Saamgestel deur Santam Korporatiewe Kommunikasie uit verskeie versekeringsbronne.

Teks verkort uit: **BEELD**,
Jou Geldsake, Bladsy 4,
Donderdag 17 Oktober 2002

47. 'n Opsigtelike spelfout kom in die koerant-berig voor, naamlik...

1. geeis (par. 3).
2. ramspoed (par. 1).
3. huis toe (par. 4).
4. korttermynversekering (par. 1).

48. Die strekking en trant van dié verslag oor "rampe" is...

1. satiries.
2. geestig.
3. verkleinerend.
4. hovaardig.

49. Iemand wat gereeld ongelukke en/of teëspoed ervaar, staan bekend as 'n "ongeluksvoël/ongelukskind." 'n Sinoniem vir "gelukskind" is...

1. renegaat.
2. Sondagskind.
3. metropoliet.
4. Saterdagkind.

50. Die klankverskynsel(s) wat moontlik kan voorkom by die uitspraak van "probeer" is...

1. metatesis.
2. vokaalreduksie.
3. assimilasie en vokaalreduksie.
4. vokaalreduksie en metatesis.

51. Woordpare soos bv. verveeld en vervelig word dikwels verkeerd gebruik. In watter sin is die onderstreepte woord VERKEERD gebruik?

1. Die assessor se vyandige gesindheid was opmerklik.
2. In oorlogsituasies is soldate se moreel bepalend vir sukses.
3. My motor was wettig geparkeer toe dit in die ander motor vasgery het.
4. Jou opmerking in my boek was nie van opbouende aard nie.

52. Die spelreël wat geld by die verkleiningsvorm van "mannetjie" en "karretjie" is...

1. gelykvormigheidsbeginsel.
2. analogie.
3. die konsonant tussen 'n kort betoonde vokaal en 'n ander vokaal verdubbel.
4. die agtervoegsel -tjie word altyd gebruik vir verkleining.

[6]

LEESSTUK C

Tussen die taaier en die tjoep

Kaas in 'n blik

- 1 Karolus se vrou het familie in Holland, en dié mense en hul troppie kinders het so 'n ruk terug vir 'n paar weke lekker in sonnige Suid-Afrika kom kuier. Nou kyk, vir enige uitlander wat hier kom vakansie hou, is die woord "leeus" sommer hoog op die agenda. Dié dat die kaaskop-gesinnetjie met hul gehuurde karretjie koers gekry het wildtuin toe.
- 2 Reeds op die eerste dag was hulle gelukkig – 'n groot trop leeus het reg langs die pad rondgelê! En daar gebeur dit toe: Die Hollandse omie het hom só aan die leeus rondom die kar verkyk, dat hy nie gekyk het waar hy ry nie... en die karretjie het wydsbeen bo-op 'n omgevalle boomstomp beland!
- 3 Daar hang die wiele in die lug, en die motor wil nie 'n duim beweeg nie. Niemand kan uitklim om te stoot

of te trek of te koevoet nie, want onthou, daar's 'n trop leeus by die kar! Karolus sê hy's bly hy was nie by nie, want sy vrou se Hollandse familie is blykbaar bekend vir hulle lekker, kleurvolle gewetsery!

- 4 Die arme mense het blykbaar ure lank daar in hul motor gestrand gesit, voordat 'n beampte van die wildtuin op hulle afgekom het – hy moes uiteindelik 'n trekker loop haal om die kar van die boom afgesleep te kry!

Uit: **WIEL** September 2000



53. Leestekengebruik ondersteun betekenis. Kontroleer watter een van die volgende is VERKEERD:

1. Die ellips/beletselteken (par. 2) suggereer dat die oom op moeilikheid afstuur.
2. Die uitroeptekens in die laaste drie paragrawe wil die benarde situasie van die Hollanders beklemtoon.
3. Die dubbelpunt (par. 2) dui aan dat 'n verduideliking volg.
4. Die aanhalingstekens in par. 1 word gebruik om die woord "leeus" uit te hef.

54. Die benoeming van klanke is ter sprake. In watter geval is die benoeming VERKEERD?

1. Die ou in "vrou" is 'n geronde diftong.
2. Die eu van "kleurvolle" is 'n geronde vokaal.
3. Die d van "gestrand" is 'n stemlose eksplisief.
4. Die oe van "koevoet" is 'n geronde diftong.

55. 'n Byvoeglike naamwoord (adjektief) wat in die leesstuk gebruik word, is...

1. uiteindelik (par. 4).
2. wydsbeen (par. 2).
3. lekker (par. 1).
4. lekker (par. 3).

56. Iemand wat soogdiere bestudeer, noem ons 'n soöloog, Watter benaming PAS NIE?

1. Iemand wat oudhede verkoop, is 'n antikwaar.
2. 'n Versameling wasbeelde is 'n panoptikum.
3. Die laaste, reguit 100m van die atletiekbaan is die pylvak.
4. Die plek waar suiker en olie gesuiwer word, is 'n raffinadery.

57. "Tussen die taaier en die tjoep" kan in keurige Afrikaans oorgeskrif word as tussen die...

1. binneband en buiteband.
2. wiel en rubberband.
3. buite- en binneband.
4. buite en binne wielbande.

58. 'n Idioom wat hierdie Hollanders se teenspoed die beste beskryf, is...

1. 'n Benoude kat maak benoude spronge!
2. Hulle het die kat aan die stert beet!
3. Hulle was werklik tussen Farao en die Rooi See!
4. Elke hond kry sy dag en 'n brakkie twee!

59. "Taaier" en "tjoep" is voorbeelde van...

1. gebruikstaal.
2. taalvariëteit.
3. groeptaal.
4. slengtaal.

[7]

'Ek soek nie Afrikaans op blikkies nie'

Deur Linette Retief



1 **E**k is eintlik moeg om oor Afrikaans te skryf. Hulle (die nimlike, nuttige, geheimsinnige "hulle") sê dit verg baie meer energie om oor iets te praat (lees: skryf) as om dit te doen. Dus, skryf is ek so effens gatvol geskryf.

2 Maar dit, soos die alomteenwoordige infomercials ons wysmaak, is nie AL nie. As ek deesdae deur die koerant blaai en gekonfronteer word met nog 'n gewroeg en -tandetrek oor die Bring Heidi Terug Vereniging wat nou hulle jaarverslag net in Engels gaan doen, hol ek nie yskas toe om 'n Coke blik te lees nie. Ek gaan klim in die bed met 'n bak springmielies, 'n stywe dop en 'n Patricia D. Cornwell moordriller of 'n Vanity Fair.

3 En tog, op 'n ander, dieper sielevlak, voel ek al hoe meer Afrikaans. As ek vir Laurika Rauch hoor sing van Boerneef se "geel pamplier by Dwarsrivier in Ceres" kry ek hoendervleis. As ek oor die telefoon praat met iemand wat ek nie ken nie – wat my wasmasjien moet regmaak, my verbandaansoek moet goedkeur of my rekeningnavraag moet uitsorteer – raak ek kinderlik geroer as ek met hulle my taal kan

praat. Ek voel daar is 'n onmiddellike band. Ek glo daar is goed wat ons van mekaar weet en verstaan sonder om 'n woord te sê.

4 Wat vir my belangriker is, is dit: Daar's meer Afrikaans in die nimlike Noordelike Voorstede van Johannesburg as wat mens dink. Jy hoef nie net poskantoor (óf stasie) toe te gaan om dit hoor nie. Jy hoef nie op die hoek van Fredman & Sandown Rylaan te gaan staan met 'n bord wat sê, "Help asseblief! Ek het drie dae laas Afrikaans gepraat" nie.

5 Ek het gesê ek is moeg om oor Afrikaans te skryf. En ek is. Maar ek sal nooit moeg word om in Afrikaans te skryf nie. Of na Afrikaans te luister nie. Want Afrikaans is die taal waarin ek hoop en bid, waarin ek dink en droom, en vloek en voel, en liefhê en lewe (en eendag gaan doodgaan). Dus, as ek Afrikaans wil hoor, dan hoor ek dit. As ek Afrikaans wil skryf, dan skryf ek dit. En as ek Afrikaans wil lees, gaan soek ek dit nie op verpakings of blikkies nie.

6 Ek kry dit in die Groot Verseboek.

Linette Retief is 'n bekroonde kopieskrywer by Sonnenberg Murphy Leo Burnett.

Teks verkort uit: **Afrikaans Vandag**, September 1997

60. 'n Mens hoor dikwels dat mense sê: "Ek soek daardie ding...". Slordige taalgebruik kom toenemend onder Afrikaanssprekendes voor. Watter kommentaar op dié leesstuk is taalkundig KORREK?

1. Iemand wat só voel oor Afrikaans kan onmoonlik 'n verraaier wees!
2. Die woord "gatvol" (par. 1) kan suksesvol vervang word met "mondvol"
3. Boerneef, reg aangebied, gee haar hoendervleis. Regtig! Dit doen!
4. Hoewel sy haar taal deurspek met Engelse woorde, is sy aan die einde van die dag hartstogtelik lief vir Afrikaans.

61. In watter geval is die verkleiningsvorm VERKEERD aangedui?

1. Linette'tjie
2. Cappuccino'tjie
3. verpakinkies
4. rekeningetjiesnavragie

62. 'n Gepaste sinoniem vir "nimlike" (par. 1) is...

- | | |
|-------------|-------------|
| 1. minsame. | 3. innige. |
| 2. einste. | 4. vername. |

63. Die betekenisfunksie van die affiks in "telefoon" (par. 3) is...

- | | |
|------------------|-----------|
| 1. ver. | 3. hoor. |
| 2. kommunikasie. | 4. praat. |

64. In die laaste paragraaf gebruik die skryfster voorsetsels baie effektief. In watter sin is die voorsetstel KORREK gebruik?

1. Ek is afkerig van alle vorme van oneerlikheid.
2. Ons sien so op na die komende vakansie – die see roep ons!
3. Vanweë my oortreding is ek nou verstoke met voorregte.
4. Verdeel die appels tussen ons drie, asseblief.

65. 'n "Kopieskrywer" is betrokke by die skryf van tekste vir bv. advertensies. Wat is 'n "kopiis"?

1. Iemand wat afskryf deur plagiaat te pleeg.
2. Iemand wat die drukkuns probeer namaak deur alles oor te skryf.
3. Iemand wat kopieë maak.
4. Toestel wat tik- en skryfwerk kopieer.

66. In par. 1 skryf sy: "... dit verg baie meer energie..." Die volgende is voorbeelde van vaste verbinding/uitdrukkings. Watter een is KORREK?

1. Op die plaas werk die arbeiders met noeste vlyt.
2. Die dagvaarding word aan die verweerder bestel.
3. Sy is van alle blaam verhef.
4. Die aangeklaagde is vrygelaat – hy's nou buite verdenking.

[7]

LEESSTUK E



'n

Polemiese reaksie op 'n Afrikaanse boek is in hierdie dae van roekelose stilte uiters welkom. Gerugte van uitgewershuisse wat afskaal en al hoe minder belangrike boeke wat verskyn by hoofstroomuitgewers, is aan die orde van die dag; trouens, wanneer laas kon 'n kritikus 'n bundel essays publiseer wat woord en wederwoord ontlok? Dan Roodt lewer dikwels omstrede bydraes op die gebied van sowel die taal- as letterkundige politiek. Anders as menige leser wat sy bydraes summier as "regs" en "kwaadwillig" afmaak, gee ek hom altyd die volgende gelyk

Uit: **RAPPORT**, 13 Oktober 2002 (n.a.v. Dan Roodt)

67. Die beste sinoniem vir "polemiese" is...

- | | |
|-----------------|------------------------|
| 1. twisgesprek. | 3. twistende. |
| 2. debatteer. | 4. standpuntstellende. |

68. Trappe van vergelyking is alledaags. Watter een is KORREK?

1. regs regser die regste
2. roekeloos meer roekeloos die mees roekelose
3. omstrede meer omstrede die mees omstrede
4. kwaadwillig kwaadwilliger die mees kwaadwilligste

69. Iemand wat by 'n polemieë betrokke raak, is 'n polemikus. Die persoon wat nuwe boeke, laserskrywe en/of fliëks evalueer en daarvoor in koerante skryf, noem ons 'n...

1. joernalis.
2. resensent.
3. prulskrywer.
4. kritikus.

[3]

LEESSTUK F

lief & leed lynn johnston

MY SKOONSEUN KOM MY HELP TREK.

DIE PROBLEEM MET OUETEHUISE IS DIE GEBREK AAN RUIMTE. EK SAL 'N KLEIN KAMER HÊ EN 'N BADKAMER MOET DEEL.

HIERDIE IS AL WAT EK SAAMNEEM. HOOFSAAKLIK FOTO'S, MY GUNSTELINGSTOEL, 'N LAMP.

EK SAL NIE DIE ORNAMEnte OF MEUBELS MIS NIE.

MAAR JY HET WARE SKATTE HIER.

MENSE IS NOU MY SKATTE. HIERDIE IS NET "GOED".

Uit: **BEELD** se Plus, 11 September 2002

70. Watter woord is 'n samestelling?

1. skoonseun
2. gunstelingstoel
3. kinderkamer
4. skoonseun én kinderkamer

71. Watter een pas NIE?

1. skoonseun
2. skoonsuster
3. skoonbroer
4. swaer

72. Die ontdekking van enige "skatte" is wonderlike...

1. vondste.
2. fondste.
3. vondse.
4. fondse.

73. Die korrekte wenssin, afgelei van die eerste sin in die strokiesprent, is ...

1. Ek wens my skoonseun kon my kom help trek!
2. Kan my skoonseun my nie maar kom help nie!?
3. Kon my skoonseun my tog maar kom help trek!
4. Ai, my skoonseun kan my regtig maar kom help trek!

[4]

LEESSTUK G

1 Vir finansiële voorspoed,
het jy 'n plan nodig wat
werk. Maar jy het reeds
soveel hooi op jou vurk,
5 so waar gaan die tyd van-
daan kom om na jou
geldsake om te sien?
Wat jy nodig het, is 'n
professionele persoon
10 wat jou bystaan. En vir hierdie doel is 'n Ou Mutual
Persoonlike Finansiële Adviseur van onskatbare
waarde. As jy dus ernstig is oor jou geld, wil ons
jou graag ontmoet en beter leer ken. Dan kan ons
jou help om 'n toepaslike, praktiese finansiële plan
15 te ontwerp. 'n Plan wat saam met jou groei. En
hoe gouer jy daardie saadjie plant, hoe groter sal
die opbrengs wees. Skakel 0860 15 15 05 of
besoek www.oldmutual.co.za



74. Die idioom “te veel hooi op jou vurk” is die korrekte Afrikaans vir die anglisisme: te veel ysters in die vuur hê. Watter sin is steeds anglisisties?

1. Dit span die kroon op jare se toegewyde werk!
2. Bloed kruip waar dit nie kan loop nie.
3. Hy het die kat uit die sak gelaat.
4. Moenie 'n gegewe perd in die bek kyk nie.

75. Die afleiding “finansiële” is korrek gespel. In watter geval is al die woorde NIE korrek gespel nie?

1. vervloë, genoeë, tatoeëer, aktuarieel,
2. ambisieuse, ingenieur, algebraïese, arbitrêre
3. paddas, arias, bikini's, Naudé's
4. gesangetjie, pro-Afrikaans, vlermuise, tot siens

76. Die uithangbord (in die advertensie) meld: “ 'n Plan maak 'n boer.” Wat egter korrek is, is: “ 'n Plan is 'n boerdery.” Dit beteken: “ 'n Goeie plan beteken baie.” In die volgende word telkens na “Boer/boer” verwys. In watter geval beteken die uitdrukking dat die persoon aangeneem is tot lidmaat van sy kerk?

1. 'n Boer maak 'n plan.
2. Hy't sy Boerematriek gekry.
3. Die boer die kuns afwa.
4. Bemoei jou met jou eie boerdery.

77. Watter soort sin is die volgende binne konteks van die leesstuk: “(Ons wil jou) beter leer ken” (reël 13.)

1. Bywoordelike bysin
2. Hoofsin
3. Neweskikkende hoofsin
4. Byvoeglike bysin

78. “Vir finansiële voorspoed, het jy 'n plan nodig wat werk.” Die woord “het” is 'n...

1. hulpwerkwoord van tyd.
2. onoorganklike werkwoord.
3. koppelwerkwoord.
4. selfstandige werkwoord.

[5]

LEESSTUK H



Uit 'n ander hoek
Dr. Jack in die Pretoria News

79. Die woord “aanbetref” is 'n baie mooi voorbeeld van...

1. kontaminasie.
2. algehele assimilasie.
3. simpleks.
4. dubbelsinnigheid.

80. Watter een is VERKEERD? Om vir iemand of iets te “hendsop” beteken om...

1. iemand as jou meerdere te erken.
2. nie meer kans te sien vir iets of iemand nie.
3. die handdoek in te gooi.
4. hande in die lug te steek.

[2]

Totaal: [40]

AFDELING B: LETTERKUNDE

VRAAG 3: POËSIE (± 20 minute)

Lees die onderstaande gedigte en beantwoord die vrae wat daarop volg:

gesinsvermaak

- 1 my boeta sukkel domduim
2 met 'n ompaar bout-en-moer
3 gryp 'n hamer, slaat verwoed
4 die blink lot kloutjie in die oor.
- 5 my goeie mamie rasper wortels
6 op die rasper sonder oor.
7 sy troos haar nerfaf kneukels
8 met 'n hallelujaliedjiekoor
- 9 my fynbesnaarde suster
10 ruk die bloutes oop –
11 kap beswerend (teen die Niet)
12 akkoord op a-tonale-koord
13 uit haar stokou steinway voort.
- 14 my gryskopvader stoot
15 grasmasjien teen skuinswal uit
16 knipoog teen die blou-gas
17 ('n oorgewig en bleskop Sisyphus)
18 en blaas met elke asemslag:
19 ja, alle gras is gras.
- 20 ek slaan my oë op
21 en kyk:
22 van héél die godsonmoontlike strawaas
23 hoor die oubaas in die huis daarbo
24 nét 'n saatraggendse geraas,
25 skud sy kop meewarig, sug
26 sluit sy deure sag en trek
27 sy hortjies dig.

Uit: **Sprokkelster** Marlene van Niekerk

81. Bostaande gedig is 'n voorbeeld van 'n...

1. sonnet.
2. vrye vers.
3. kwatryn.
4. elegie.

82. Met die beskrywing van die “boeta” wat die “kloutjie in die oor” “slaat”, wil die spreker te kenne gee dat...

1. die boeta baie hard met 'n hamer kan slaan.
2. hy letterlik en figuurlik teenstrydighede probeer versoen.
3. 'n ompaar bout en moer 'n “kloutjie en oor” genoem word.
4. die boeta dit regkry om die “ompaar bout-en-moer” te laat pas.

83. Die woord “beswerend” (reël 11) beteken:

1. uitdruwend.
2. uitdagend.
3. met musikaliteit.
4. aggressief.

84. Die “Niet” (reël 11) is die...

1. duiwel.
2. stilte.
3. Groot Niks.
4. Groot Vrees.

85. Die funksie van die parentese in reël 11 is...

1. om te verduidelik wat “beswerend” beteken.
2. om die beswering te aksentueer.
3. om te kwalifiseer waarvoor die suster bevrees is.
4. bloot ter wille van dramatiese effek.

86. Die belangrikste funksie(s) van die alliterasie in reël 13 is om...

1. die semantiese verband aan te dui tussen “stokou” en “steinway”.
2. die “kap”-geluid na te boots waarmee die suster die klawers slaan.
3. die “a-tonale-koorde” na te boots.
4. 1 en 2.

87. Die beeldspraak in reël 17 (“Sisyphus”) is 'n voorbeeld van 'n...

1. antonomasia.
2. sinestesia.
3. personifikasie.
4. metafoor.

88. Waarom word die spreker se “gryskopvader” 'n “Sisyphus” genoem?

1. Hy is 'n baie ou man.
2. Die grassnyer is so swaar soos Sisyphus se klip.
3. Hy moet elke Saterdag wêér die gras sny.
4. Hy moet, soos Sisyphus, 'n grassnyer teen 'n skuinswal uitstoot.

89. Die spreker slaan haar oë op omdat sy...

1. graag die “oubaas in die huis daarbo” wil sien.
2. wonder hoe God reageer op die gesin se Saterdagoggendse doen en late.
3. graag wil hê dat God hulle gesin sal seën en bewaar.
4. 2 en 3

90. Die woord “strawaas” (reël 22) beteken:

1. vermaak.
2. gekap en gesing.
3. manewales.
4. moeilikheid en lawaai.

91. Na wie verwys die spreker met “die oubaas in die huis daarbo” (reël 23)?

1. 'n Buurman
2. God
3. Die persoon wat in die verdieping bokant hulle woon
4. Die oupa wat by hulle gesin inwoon

92. Hoekom skud “oubaas in die huis daarbo” sy kop “meewarig”?

1. Hy voel medelye met die spreker se gesinslede oor hul onbeholpe pogings om sin te maak uit die lewe hier benede.
2. Hy voel jammer vir die spreker se ma wat haar kneukels nerfaf gerasper het.
3. Hy voel jammer vir die spreker wat haar Saterdagoggend saam met só 'n gesin moet deurbring.
4. Hy vind die spreker se gesin amusant, maar hou nie van die lawaai wat die suster maak nie.

93. Dui die sin aan wat NIE pas NIE. Die onderskeie karakters in hierdie gedig probeer op die volgende maniere om die absurditeit van die lewe tot sin om te skep:

1. Die ma rasper wortels.
2. Die ma sing 'n “hallelujaliedjiekoor”.
3. Die suster maak musiek.
4. Die broer probeer iets regmaak of skep.

94. Die titel van die gedig verwys na:

1. die dinge waarmee die spreker se gesin hulself op 'n Saterdagoggend besighou.
2. die “vermaak” wat die spreker se gesin “die oubaas” verskaf op 'n Saterdagoggend.
3. 'n fliék wat goeie gesinsvermaak bied.
4. 'n kombinasie van 1 en 2.

95. Die titel van die gedig is ironies omdat...

1. die spreker met haar gesin se bedrywighede die spot dryf.
2. die gesinslede juis nie vermaak word deur dit waarmee hulle hulself besighou op 'n Saterdagoggend nie.
3. die Saterdagoggendse bedrywighede van die gesin juis nie is wat “die oubaas” van hulle verwag nie.
4. die hele gedig met teenstrydighede werk.

Skuiling

- 1 Jy skuil voorlopig in haar veilig teen
- 2 die woedes van die weerlig en die reën;
- 3 maar jy sal aanstons ook besef hoe nietig
- 4 ons klein strooisies vlees en been.

Uit: **Negester oor Ninevé** – D.J. Opperman

96. Bostaande gedig is 'n voorbeeld van 'n...

1. haikoe.
2. Persiese kwatryn.
3. drinklied.
4. vrye vers.

97. Die aangesprokene in hierdie gedig is...

1. 'n man wat skuiling soek in sy stroois teen die weerlig en reën.
2. die ongebore kind wat voorlopig nog in die moeder skuil.
3. 'n kind wat by sy ma skuiling soek teen die swaar weer.
4. 'n kind wat binnekort sy ouerhuis gaan verlaat om vir homself te begin sorg.

98. Die beeldspreek in die slotreël is 'n voorbeeld van...

1. 'n metafoor.
2. sinekdogee.
3. simbool.
4. vergelyking.

99. Die beeld in die slotreël verwys na...

1. 'n klein bouvallige huisie.
2. die nietigheid van menslike skeppings teenoor natuurkragte.
3. die weerlose menslike liggaam.
4. die imperfeksie van die menslike liggaam.

100. Kies die stelling wat NIE pas NIE. Die woord “nietig” (reël 3) word beklemtoon deur...

1. sy posisie aan die einde van die versreël.
2. die feit dat dit in die rymposisie staan.
3. die feit dat dit in 'n enjambement staan.
4. die feit dat dit in direkte kontras staan met die “woedes”.

Totaal: [20]

VRAAG 4: DRAMA (± 35 minute)

Lees die onderstaande drama en beantwoord die vrae wat daarop volg

DIE SOLDERKAMER

PERSONE

MA

'n Waardige en tegelyk geestige ou dame

HANNIE

5 Haar middeljarige dogter

ANNATJIE

Hannie se dogter, pas afgestudeer

TONEEL

10 'n Solderkamer, nie wanordelik nie, maar duidelik 'n pakkamer. Daar is enkele uitgesakte leunstoel, bedek met lakens; stapels kartondose; koffers; 'n ronde tafel reg onder die skuins daklig geplaas; familiefoto's teen die beskikbare muurruimte; snuisterye. Die solderkamer kan net met 'n trap bereik word, maar eers moet 'n solderluik oopgemaak word. Wanneer die stuk begin, is die solder skemerdonker en die enigste ligbron die son wat deur die vensterblindings probeer dring. Hannie word op die trap gehoor, en kort hierna word die luik gelig. Die luik val met 'n harde slag op die vloerbodem. Hannie, flits in die hand, kom uit die "gat" uit op, spookagtig van onder af belig deur die flits. Selfs met behulp van die flits stamp sy haar
15 nog teen dose. Een val, en 'n gedempte "Magtig!" word gehoor. Hierna gee sy die blindings skiet, waarna die sonlig helder by die soldervenster instroom. Hannie, en moontlik ook die gehoor, sien nou vir die eerste keer dat daar 'n ou vrouwtjie in 'n nagjurk in een van die stoele sit. Sy is kaalvoet.

HANNIE: Here... Ma! Hoe laat Ma my skrik! En in die koue... Wag, laat ek iets kry...

20 MA *(bars uit van die lag)*: Hannie, Hannie... *(Beduie met handgebare tussen lagbuie deur)*. Nie nodig nie, my kind... Nie nodig nie.

HANNIE *(verleë)*: Ek het vergeet. *(In die dieptes van die huis begin iemand klavier speel: 'n Chopin-étude. Hannie haas haar na die vulluik en maak dit toe; verskonend teenoor Ma.)* Annatjie...

MA: Jy is bang sy hoor ons? Sy sal nie. Maar dis beter so. Ek wil haar nie hoor nie.

HANNIE *(gekrenk)*: Maar Ma...

25 MA: Daar verstaan jy my al weer verkeerd! Dis die musiek wat my oor is. Ek hou van 'n ding met 'n wysie. "Die brug op ons plaas" en... *(begin sing)* "Uke, uke, ukelele lady..."

HANNIE *(hartseer)*: Is ek dan so sleg, Ma? Ek is vol foute, maar ek het altyd probeer.

MA: Kom nou, kom nou, my kind. Natuurlik het jy probeer, en meesal te hard... Sê my liewers, van die brug op ons plaas...? Op Nooitgedacht?

30 HANNIE: Maar weet Ma dan nie? Weggespoel met die groot vloed. Almal teen die rivier op het groot skades gehad. Die lusernlende lê versuip en sal wie weet wanneer eers weer bekwaam wees. Skape het met die stroom afgekom, beeste ook. En by Rooihoogte het 'n jongman verdrink. Maar Ma weet tog van al die dinge? *(Onseker.)* Of hoe?

35 MA: Hannie, waar ek nou is, is daar nie tyd vir rondflenter nie. Jy mog so dink, maar dis anders daar. Ons kry spesiale verlof, maar nie op eie versoek nie... En ook net vir 'n klein tydjie. Amper soos die verlof wat prisoniers het, weet jy? Een maal die maand, vir 'n halfuur, by 'n geliefde...

HANNIE: Wil Ma sê: *elke maand?* En Ma kom nou eers?

40 MA: Hannie, Hannie! By wyse van spreke! Daar's nie regtig verlof en sulke dinge nie. Ek wou maar net duidelik maak... Hoe sal ek dit nou sê? Ja, nou weet ek hoe. Jy het my ontbied. Jy't in daardie blou boekie...

HANNIE: Ma, niemand weet van daardie boekie nie! Ek hou hom agter slot en grendel. Dis net, wanneer 'n mens so beswaard is, en jy't niemand om teen uit te praat nie...

MA: Jy kan bid.

45	HANNIE:	Dit doen ek ook. En ek kniel, selfs met my ou knie. Ek vat darem 'n kussing. Maar die boekie, dis 'n ander soort bid. 'n Spesiale soort bid. En daarin het ek geskryf.
	MA	<i>(deklameer)</i> : "Dis nie billik nie. Daar moet weer één ontmoeting wees. Dis doodgewone hoflikheid. Die agterblywendes moet tog weet of die reis goed afgeloop het, en of die aankoms..."
50	HANNIE:	"... geseënd was." Ja, dit was my presiese woorde. <i>(Verwonderd)</i> . En dis hoekom...
	MA:	Hoekom trou Annatjie nie in my ou trourok nie? Ons het dieselfde lyf. En sy hou van dinge wat anders is.
	HANNIE:	Maar Ma! en waar, in elk geval, moet ek die rok kry tussen al die goed? Annatjie neul ook al vir dae, of kom krap om, en los alles net so. En wie moet dan kom regpak?
55	MA:	Maar my kind, dis nie 'n probleem nie. Die trourok is daar in die onderste doos links, en dis nog in daardie dosie waarin dit uit Engeland gekom het. Georgette vou so klein, weet jy? Soos 'n sakdoek. Ek het my hele trouskat van Engeland af gekry, uit 'n "catalogue". Fletcher & Cartwright het dit vir jou bestel. Ag toe nou Hannie, hoe staan jy dan so bestorwel!
60	HANNIE:	Haai, Ma, dit lyk darem alte veel na kinderspeletjies. <i>(Buk by dose)</i> . Eina, die ou knie! <i>(Maak doos oop)</i> . En hier is dit, nes Ma gesê het. En op die dosie (stap nader na die venster toe) ... ja, nou kan ek sien, in Ma se handskrif: "My trourok. Vir Annatjie of so nie die museum." <i>(Hannie beweeg vinnig na luik en skree in die "gat" af, teen Annatjie se musiek in.)</i> Annatjie! Ek het dit gekry!
65	ANNATJIE	<i>(van benede)</i> : Wat, Ma? Ek het nie gehoor nie!
	HANNIE:	Die trourok waarna jy so gesoek het! Ouma se trourok! Kom kyk gou!
	MA:	En laat sy die rok aantrek, ek wil sien!
	HANNIE:	Ma, waar's Ma? <i>(Paniekerig.)</i> Ma!
70	MA	<i>(paaierend)</i> : Ons wil die kind tog nie laat skrik nie...
	HANNIE:	Nee, natuurlik nie. Dankie, Ma. Annatjie <i>word op die trap gehoor</i> . Hannie <i>haal die trourok uit sneespapier</i> . <i>Dis 'n knielengte-trourok, vol kraletjies geryg</i> . Hannie <i>wag Annatjie in, die trourok voor haarself gehou</i> .
	ANNATJIE	<i>(op)</i> : Ma, wonderlik! Een probleem minder.
75	HANNIE:	Hoe bedoel jy?
	ANNATJIE:	Die trourok is gevind. My trourok. George gaan in sy pa se troupak trou, tails en al. En met 'n keil. Dit gaan 'n "twenties"-troue word. Ag, Ma, dit gaan pret wees. Gee hierso, asseblief!
	HANNIE:	Trek dit aan, toe?
	ANNATJIE:	Sommer hier? dis darem nie soos Ma is nie.
80	HANNIE:	Wat bedoel jy: nie soos ek is nie?
	ANNATJIE:	So... so... impulsief. Dis meer soos Ouma was. Maar ek wil self sien hoe dit lyk. Ek gaan trek in my kamer aan. 'n Mens moet die regte kouse aanhê... <i>Annatjie af. Ma verskyn weer.</i>
	MA:	Die kind het mooi uitgeswel. Dit alles in agtien maande se tyd. Ek vra my of die rok nie te klein gaan wees nie. Jy moet weet, ek het 'n perdebylyfie gehad.
85	HANNIE:	Hoe Ma dit só gehou het!
	MA:	O, ons was 'n aan-die-gang-klomp op Flauwkraal. Tennis en perdry en boeresport.
	HANNIE	<i>(effens bitter)</i> : Die lewe was toe een groot piekniek, as ek so deur Ma se albums blaai. Altyd 'n feestelikheid.
90	MA:	Mense het bymekaar gekom, my kind, dit was die ding. Saamgekom om te werk, saamgekom om te speel. Dit het verander na my troue. Geen huis van my eie nie, en jou ouma was nie 'n maklike skoonma nie. Sy het teruggesit en bevele gegee. Ek moes toe die onthaalwerk doen. En ek kort-kort met 'n groot lyf. Eers met jou, toe met Boetie. O, die plesier toe ons eers 'n eie huisie het! 'n Rooibaksteenhuisie met vier vertrekke, maar vir my was dit 'n paleis.
95	HANNIE	<i>(berouvol)</i> : Ja, Ma, dis waar. Ek het vergeet van die later swaar. Ons het almal 'n stukkie van

		die paradys, en daarna die swaarkry en beur. Maar dis wat ons aan die gang hou, die herinnering aan die stukkie paradys. (Hannie <i>vee haar oë af</i>) Ma, wag, hier kom Annatjie nou.
100	MA: ANNATJIE	Hannie, sê die kind moet "Die brug op ons plaas" speel. (<i>Ma "verdwyn"</i>) (<i>op</i>): En hoe lyk ek nou? (<i>Draai koketterig voor haar ma rond.</i>) Maar ek sal minder moet eet van nou af. Een van die kraletjies kom af. Ons sal moet regmaak. Waar's Ouma se skoene? OUMA SE STEM: In dieselfde boks heel onder.
	HANNIE	(<i>vinnig</i>): In daardie boks, daar onder. Kyk maar self.
105	ANNATJIE: HANNIE:	Ma't so snaaks staan en luister, of Ma iemand hoor. Jou verbeelding, my kind. En gaan speel nou vir ons "Die brug op ons plaas", toe? Ma vra nie dikwels 'n guns nie.
	ANNATJIE	(<i>besig om skoene aan te trek</i>) "Die brug op ons plaas"? Ons is weer op die nostalgia trip, sien ek. Maar ek gaan nie die woorde sing nie. Dis te vreeslik, daardie:
110		<i>En skoon ver verwyderd my hart gaan terug na die plek op ons plaas by die brug.</i> (<i>Annatjie sing oordrewe sentimenteel.</i>)
	HANNIE:	Julle geslag spot ook met alles. Jou ouma was so lief vir dié lied. Sy't haar verbeel dis haar lied. Haar en jou oupa s'n. Oor haar naam daarin in. (<i>Sing saggies en weemoedig.</i>) <i>dis daar waar my Lenie en ek – vaak helaas –</i>
115		<i>van lief' in die maanskyn het gedroom'</i> Toe loop speel nou die lied. Jy sal ook eendag aan nostalgia ly.
	ANNATJIE	(<i>omhels haar ma</i>): Ek ly nou al daaraan, Ma: (Annatjie <i>begin skielik uitgelate charleston terwyl sy sing.</i>) Uke, uke, ukelele lady...
	HANNIE:	Toe nou, my kind, nie ligsinnig wees nie!
120	MA:	Annatjie <i>skop agterop soos 'n koriste voor sy met die trap afklim.</i> Dis mooi, né? Soos 'n dowwe prentjie uit 'n stokou album. Die bruid van die jaar... in die Flaauwkraal van toet. Hannie, hoe kom dit dat jy nie bang is vir my nie? Ek was bang vir die ontmoeting. Bang dat jy sou skrik en skree en weghardloop. Dit sou vreeslik gewees het:
125		'n kind wat van haar ma af weghardloop, soos van 'n spook af. <i>Annatjie begin "Die brug op ons plaas" speel.</i>
	HANNIE:	Daar's Ma se versoek! Annatjie het seker eers...
	MA:	(<i>kwaai</i>): Sjuut!
	Aangepaste teks uit: Die Solderkamer deur Hennie Aucamp.	

101. Die volgende kontrasterende karaktereieenskappe van Ma word in die teks genoem: Sy...

1. lewe en sy is dood.
2. is nostalgies en positief.
3. is 'n spook en kom kuier op aarde.
4. is grappig en ernstig.

102. Die volgende tipes byteks/neweteks kom in die gelese gedeelte voor:

1. spreekbeurte en dialoog.
2. toneelaanwysings en spreekbeurte.
3. dekor en rekwisiete.
4. dialoog en toneelaanwysings.

103. Die woord "geestig" beteken Ma kan ... wees.

- | | |
|---------------|------------|
| 1. spookagtig | 3. ernstig |
| 2. positief | 4. grappig |

104. Hannie se mees uitstaande karaktertrek wat uit die teks blyk, is...

- | | |
|-----------------|---------------------|
| 1. angstigheid. | 3. swaarmoedigheid. |
| 2. onsekerheid. | 4. nostalgie. |

105. Die atmosfeer wat deur die toneelaanwysings (reëls 9 tot 17) geskep word, getuig van...

- | | |
|--------------------|--------------|
| 1. geestigheid. | 3. smart. |
| 2. spookagtigheid. | 4. spanning. |

106. As Hannie na die lande as "bekwaam" (reël 31) verwys, bedoel sy dit is...

- | | |
|----------|---------------|
| 1. mooi. | 3. bruikbaar. |
| 2. goed. | 4. doelmatig. |

107. Watter EEN van die volgende aanhalings is die eerste suggestie van die bonatuurlike?

1. "waar ek nou is, is daar nie tyd vir rondflenter nie."
2. "Jy't my ontbied."
3. "Die agterblywendes moet tog weet of die reis goed afgeloop het."
4. Ma het intussen "verdwyn".

108. "... met my ou knie." (reël 45) verwys na Hannie wat...

1. sukkel om te kniel as sy bid.
2. al baie oud is.
3. op haar knieë staan as sy bid.
4. probleme met 'n knie het.

109. Die rede waarom "verdwyn" (reël 67) in aanhalingsstekens geskryf is, is dat...

1. Ma nog praat, daarom kan sy nie weg wees nie.
2. dit net Annatjie is wat haar nie sal kan sien nie.
3. dit onmoontlik is om haar te laat wegraak.
4. Ma baie stil moet wees om nie gesien te word nie.

110. Die "nostalgie" waarvan hier in die teks sprake is, beteken...

1. versoeke.
2. heimwee.
3. ouderdom.
4. hartseer.

111. Die rede waarom Annatjie van "nostalgie" en Hannie van "nostalgie" praat is omdat...

1. dit wissel vorme is.
2. Annatjie modern en Hannie outyds is.
3. Annatjie die Engelse en Hannie die Afrikaanse vorm gee.
4. Hannie nie so ver gestudeer het as Annatjie nie.

112. Ma se woorde: "... soos van 'n spook af." (reël 124) kan gesien word as...

1. sarkasme.
2. eufemisme.
3. ironie.
4. klanknabootsing.

113. Die rede waarom "Elke maand (reël 38) tipografies verskil van die res van die teks is...

1. omdat kursivering gebruik is.
2. om Hannie se ontsteltenis uit te hef.
3. omdat Hannie haar ma se woorde herhaal.
4. om afwisseling in die teks te bring.

114. Annatjie dink haar ma en ouma toon verskille in persoonlikheidstrekke (reël 79 en 80). Dit lê in die volgende: haar ma is... en haar ouma is...

1. depressief, opgewek
2. negatief, positief
3. lewendig, dood
4. weldeurdrag, impulsief

115. Hannie voel ongelukkig, omdat sy...

1. nie vir haar dogter se troue wil betaal nie.
2. glo haar ma het 'n beter lewe as sy gehad.
3. nog aan die vloedskade op die plaas dink.
4. sukkel om haar ma se trourok te kry.

116. Die funksie van die beletselteken in reël 24 is om...

1. 'n langerige ruspose aan te dui.
2. aan te dui dat die spreker onderbreek is.
3. 'n aanduiding te gee dat die spreker nadink.
4. 'n hartseer atmosfeer te help skep.

117. "En ek kort-kort met 'n groot lyf" (reël 93) is 'n voorbeeld van...

1. onomatopée.
2. metafoor.
3. hiperbool.
4. ironie.

118. Die ruimte wat in die teks voorkom, is tipies van die teaterdrama, want...

1. baie dekor en rekwisiete word aangewend.
2. dit pas aan by die inhoud van die drama.
3. alle handeling en dialoog speel op die verhoog af.
4. die verhoog verteenwoordig die binneruimte.

119. Die intrige van die prosa-gedeelte is meer geloofwaardig as dié van die drama, want...

1. die prosa-karakters is meer realisties geskets.
2. 'n mens kan beter identifiseer met die prosa-karakters.
3. die prosa is makliker om te volg.
4. die prosa se tydsverloop is chronologies.

120. Die belangrikste verskil tussen die twee tipes tekste is dat die ...

1. drama 'n ernstiger toonaard as die prosa het.
2. prosa geen dialoog bevat nie.
3. drama langer is as die prosa.
4. drama primêr geskryf is om opgevoer te word.

Totaal [20]

VRAAG 5: PROSA (± 35 minute)

Lees die onderstaande kortverhaal en beantwoord die vrae wat daaropvolg.

SOPPIE SE AMPERSE NAGESLAG

Ferdinand Deist

1 Ek weet nie hoekom dit is nie, maar ek ken nie 'n Meraai wat 'n maklike mens is nie. Ek sê nou nie daar is nie sukke Meraais nie. Vir al wat ek weet, is daar ook Meraais wat lieue, goeie en dierbaar mense is. Ek sê maar net ék ken nie maklike Meraais nie.

5 Innie tyd en dae wat ou Meraai en ou Soppie getroud is, was 'n trouery nog 'n gewigtige aangeleentheid. Toe't mense deur hel en hoogwater bymekaar gebly, newwermaain hoe swaar dit pertykeers gegaan het. En tussen ou Meraai en ou Soppie was't maar meer hel as hoogwater.

10 Meraai se ou ma, wat óók Meraai geheet het, het net op 'n dag daar by Soppie se ou pa opgedaag en gesê sy soek 'n man vir haar Meraai, solat klein Meraai 'n slag iemand anners as haar eie ma en pa het om te blameer vir als wat verkeerd is. En sy sê toe vir Soppie se pa as hulle nou tot 'n vergelyk kan kom, sil sy vir Meraai so vyftig môre grond gee vir 'n bruidskat, solat die twee daar kan loop woon.

En oorlat ou Soppie nou so bietjie safkop gewees het, maar meer oorlat die grondjie nou eintlik aan Meraai gebehoort het, het sy arme ou Soppie vannie een kant af na die anner kant toe rondgeorder.

15 Vandag se dae sil dié huwelik nie langer as ses mane gehou het nie. Maar uit dié ene is daar m't verloop van tyd vyf kinders gebore. Hoe dit gekom het, sil ek jou aanstons vertel. Dit het mar eers later van tyd duid'lik geword.

Toet hulle nou so ampers twintig jaar getroud gewees het, was dinge tussen 'ie twee nou glad nie meer lekker gewees nie. En oor ammal gewet het vannie preblème en daar toe nou 'n nuwe prekkereer oppie dorp ingetrek het wat vannie meieste tussen Meraai en Soppie te hore gekom het, was die moeilikheit somer nog groter.

20 En toet ons ons oë uitvee, het die prekkereertjie gemaak lat ou Meraai vir ou Soppie dagvaar vir 'n skeisaak. De mensdom het geskinner en gebespiegel. Perty 't gesê dis m't so 'n fees vir 'n vrou ook g'n wonner lat ou Soppie annerlike weivelde geloop opsoek het nie, want hulle het gereken ou Meraai het hom op 'n anner plek gevang.

25 Wat ek jou nou vertel, kom uit Meraai se eie mond. Hulle is toe die dag na die prekkereer toe ommie skeidingsooreenkoms te maak.

En daar by die prekkereer het die ding toe so geloop. Hulle het elke man op 'n stoel gesit ennie prekkereer, wat gedink het hy kan hier somer gou 'n gjeldjie maak, het voorgesit. En toe't hy gebeginte. "Meneer en mevrou Kleingjeld," het die prekkereer gesê, "jul is seker daarvan bewus lat jul als wat jul het, moet twee maak, glyk moet verdeel tussen julle twee."

30 "Glyk verdeel? Ek en Soppie?" het Meraai die prekkereer ingevlie.

"Mar natuurlik, mevrou Kleingjeld," het die prekkereer geprebeer uitlê, "jul het tog als wat jul het, saam vergader, nie waar nie?"

35 "Saam vergaar?" het Meraai teëgeskop, want wat het ou Soppie tog nou ingebring "Dié slegriem het nie eens 'n hoed van sy eie nie. Al wat hy vergaar het, was vet om sy pens. Kyk waar staat sy pens. Is van syp, sê ek jou. Glyk verdeel, gmf? Hoe sil jy nou bevoorbeelt sê moet ek my hys verdeel kry?"

"Miskien kan jy die kombuis ennie eetkamer neem en meneer Kleingjeld die slaapkamer ennie voorhuis?" het die mannetjie geprebeer ent kry met die verdelery saam.

Mar dit was eers na so 'n uur se geredekawel wat hulle toe gebesluit het lat ou Soppie 'n kamer agter die keraats kan aanbou.

- 40 En so is hulle moesaam deur allie besittings. Dit het die prekkereertjie na'erhand sleg berou lat hy die saak aangevat het.
- "Nou wat vannie kinnners? Daar's vyf," het Meraai die prekkereertjie uit sy verdelery-gedagte probeer uittroef.
- En dis toe waar die prekkereertjie sy uitkomstans gewaar het:
- 45 "Nee, dis nou vir jou 'n probleem, mevrou Kleingeld," het hy gesê "jul sil nou mar eers weer moet t'ruggan en gan sôre lat daar ses kinnners is, solat jul dié ook drie-drie kan verdeel."
- En dis toe waar Meraai met die waarheid uitgekóm het. "Nee, dit sillie werk nie. As ek van ou Soppie afhanklik gewees 't, sil ek nie eens een vannie vyf wat ek nou het, gehad het nie." En met dié was die onnerhandelings toe ook oor ennie huwelik gered. En op seuwen-en-sewentig het ons ou Soppie
- 50 gebegrawe en by sy graf het sy weduwee ennie ses Kleingeldkinnners nog gestaan.

Aangepaste teks uit: **Soppie se ampse nageslag** deur Ferdinand Deist.

121. Die verteller wat ons in die teks aantref is...

1. 'n derdepersoonsverteller.
2. die skrywer.
3. Ferdinand Deist.
4. 'n eerste persoonsverteller.

122. Ons leer Meraai ken deurdat die verteller haar tipeer as 'n ...

1. lieue, goeie en dierbare mens.
2. uiters kritiese mens.
3. ma van ses kinders.
4. regverdige mens.

123. Die frase "Innie tyd en dae" (reël 4) is 'n tyds-aanduiding wat beteken...

1. die tyd en dae verskil.
2. in die outyd.
3. nóg tyd nóg dag.
4. op 'n spesifieke tyd.

124. Die oorsaak vir Soppie en Meraai se huwelik was dat...

1. haar ma moeg was vir kritiek.
2. Meraai graag baie kinders wou hê.
3. Soppie ander weivelde wou soek.
4. Soppie Meraai se grond wou bekom.

125. Meraai se ma wou van haar ontslae raak, omdat Meraai...

1. al ouerig was en nog ongetroud.
2. haar ouers vir alles blameer.
3. gestraf moet word vir al die bakleiery.
4. nie gesag wou aanvaar nie.

126. Die verwysing na Soppie as 'n "safkop" dui op ... by Meraai.

- | | |
|---------------|--------------|
| 1. pittigheid | 3. minagting |
| 2. spot | 4. ironie |

127. Meraai kon Soppie domineer omdat sy...

1. hom as 'n "safkop" beskou.
2. die ma van sy kinders was.
3. nie 'n maklike mens was nie.
4. die grondeienaar was.

128. Volgens die verteller sou die huwelik vandag nie so lank gehou het nie, want...

1. prokureurs is nou baie makliker bekombaar.
2. mense is nie meer so ingestel daarop om getroud te wees nie.
3. moderne mans sal haar baie nie verdra nie.
4. mense skei vandag baie makliker.

129. Die rede waarom die verteller sê: "... ek sal jou aanstons vertel." (reël 14) is omdat...

1. hy nie weet wat om te sê nie.
2. hy die leser laat wonder wat hy wil sê.
3. dit later beter sal inpas in die verhaal.
4. hy nog eers 'n bietjie moet nadink daaroor.

130. Die verteller se direkte aanspreek van die leser as "jou" (reël 14) is 'n tegniek wat die skrywer gebruik om die...

1. leser direk betrokke te kry by die gebeure.
2. leser te laat voel hy ken hom.
3. leser se vertrouwe te wen.
4. familiariteit van die verteller aan te dui.

131. Die verwysing na “De mensdom” (reël 21) kan gesien word as ’n voorbeeld van ’n stylfiguur.

Watter EEN van die volgende sal pas?

- | | |
|--------------|--------------|
| 1. eufemisme | 3. ironie |
| 2. hiperbool | 4. suggestie |

132. Die rede waarom die prokureur Meraai aanmoedig om van Soppie te skei, is omdat hy...

1. nuut in die dorp is en werk soek.
2. Meraai jammer kry.
3. geld kry vir die egskeiding.
4. wou bewys dat hy ’n goeie prokureur is.

133. Volgens die mense was die rede vir die egskeiding, omdat...

1. Soppie geen ruggraat het nie.
2. Soppie hom laat vang het.
3. Meraai so ’n moeilike mens was.
4. Meraai ’n losbandige mense was.

134. Volgens Meraai is die rede waarom Soppie nie iets bymekaar kon maak nie, omdat hy...

1. nie eens ’n hoed het nie.
2. te vet was.
3. nie ruggraat het nie.
4. te veel drink.

135. “Slegriem” (reël 33) is ’n voorbeeld van beeldspraak.

Dui die korrekte voorbeeld uit die onderstaande lys aan.

- | | |
|---------------|----------------|
| 1. metonimia | 3. metafoor |
| 2. sinekdogee | 4. vergelyking |

136. Meraai sou die meeste voordeel uit die egskeiding gekry het, want...

1. Soppie kry nie eens ’n hoed nie.
2. Meraai het al die eiendom besit.
3. Meraai kry die beste verblyf.
4. Meraai kry nog ’n kind by.

137. Die prokureur verloor sy lus vir dié skeisaak.

Watter een van die onderstaande redes gee die deurslag?

1. Die geld is te min.
2. Dit is ’n te moeilike saak.
3. Hy sien Meraai nou in die regte lig.
4. Hy kry Soppie nou jammer.

138. Watter EEN van die onderstaande stellings is waar ten opsigte van die suggestie in reëls 47 tot 48?

1. Soppie is nie die pa van Meraai se kinders nie.
2. Meraai se kinders is nie haar eie nie.
3. Soppie was nog altyd ontrou aan Meraai.
4. Meraai moes maar self sorg dat sy kinders kry.

139. Watter EEN van die volgende stylfigure kom in die slotparagraaf voor?

1. herhaling
2. hiperbool
3. suggestie
4. sarkasme

140. Die titel verwys na Soppie wat...

1. ses kinders gehad het.
2. ontrou was aan Meraai.
3. ’n nageslag gehad het.
4. nie ’n nageslag gehad het nie.

**Totaal: [20]
GROOTTOTAAL: [140]**